Volksblad 12 Julie 2002

Laurika het `soul' in oorvloed, sê Valiant

DEUR **LIESL PRETORIUS**

VOLKSBLAD-KUNSTEFEES

VALIANT SWART het nagklere aan. Hy sit op sy bed met 'n bier in die hand en rook (in sy woorde) 'n sigaret vir ontbyt ...

Dit is 15:35 op die dag ná die Laurika-konsert.
Jy hoor Anton Goosen se stem op die agtergrond. Dit is sy afdag, sê hy wanneer hy later die selfoon by Valiant vat om met Volksblad te gesels.
'n Welverdiende rusdag, sou 3 200 stemme kon antwoord. Dié twee het immers die vorige aand gehelp om die Vrystaatse musiekgeskiedenisboeke te herskryf.
``Dit was 'n spiritual ervaring. Magic,'' sê Valiant oor dié konsert. ``Ek het met haar musiek grootgeword. En daar vat sy (Laurika Rauch) my hand en ons sing Sonvanger."
Valiant bieg die senuwees het van twee weke voor die optrede begin knaag.
``Die verhoogbestuurder was so thoughtful om vir ons whisky te los. Dit het gehelp . . . Maar die beste raad is om op die verhoog te kom en te begin speel. Dan verdwyn die butterflies."
Hy sê hy sal saam met enigiemand sing - enige soort musiek. ``Solank daar net 'n bietjie soul is. En dít het Laurika in oorvloed."
Oor Laurika se skertsery op die verhoog oor of Valiant weer saam met haar sal sing, sê hy hy sal enigiets gee om weer 'n verhoog met haar te deel. ``Ek dink sy dink ek wil net rock 'n roll. Maar dit was beautiful."
Valiant deel vandag die verhoog met die man wat Laurika op die konsert die grand pappy van Afrikaanse musiek genoem het.
Oor dié kompliment sê Anton Goosen: ``Ek is miskien eerder die óú ta van Afrikaanse musiek." Hy erken tog dat hy gevlei voel. ``Dis soos awards. Dis lekker," kom dit later.
Goosen sê die konsert was ``nogal wow". ``Daar was so 'n all is one and one is all-gevoel."
Hy kan nie uitgepraat raak oor die lewendige orkes, die koor en die ander manne wat deel was van die vertoning nie. ``Dis die ultimate - baie min mense kry so 'n kans."
En oor Laurika, nog minder. ``Sy is ons almal se sussie; die vrou met die stem . . . Sy kan met die swaai van haar hare die betekenis van 'n lettergreep laat uitkom. Sy's 'n diva," sê hy.
Goosen sê hy kies die mense saam met wie hy musikale projekte aanpak. Hulle is gewoonlik sanger-liedjieskrywers wat in Afrikaans werk. ``Hulle moet real wees. Hul harte moet in die musiek wees," voeg hy by.
Valiant was volgens hom 'n vanselfsprekende keuse vir hul gesamentlike konsert môre.
Tot dan boer Anton in die ``herberg waar al die artists bly" en Valiant, in sy

nagklere.

Hulle tree môre 19:00 in die H. van der Merwe Scholtz-saal (Volksjol-saal) op die Kovsie-kampus op.